# RAADSKOERANT

## BOERE-AFRIKANERVOLKSRAAD

www.volksraad.co.za kontak@volksraad.co.za

Tel: 012 803 0712

Nommer 12 Maandag 22 Mei 2017


## VOLKSVERGADERINGS

**Die volksvergadering wat op Saterdag 3 Junie 2017 om 10:00 by die Paardekraal Monument in Krugersdorp gehou word, is die eerste van 'n reeks soortgelyke vergaderings wat landwyd gereël word.**

**Agtergrond**: Met die verkiesing van die Volksraad op 25 September 2011 het die kiesers aan die Raad 'n mandaat gegee om die Boere--Afrikanervolk se eis om territoriale selfbeskikking aan die Suid-Afrikaanse regering te stel, en indien die regering nie gunstig daarop sou reageer nie, die internasionale gemeenskap te versoek om as bemiddelaar tot die dispuut toe te tree.

Die Volksraad het dié opdrag uitgevoer.

**Die doel van die vergaderings** is om aan die volk verslag te doen oor Volksraad se optrede ter uitvoering van sy mandaat, en om die volk in te lig oor die internasionale gemeenskap se reaksie op die bovermelde versoek om in ons volk se dispuut met die owerheid te bemiddel.

Daarmee is die huidige Volksraad se mandaat afgehandel en het sy termyn tot 'n einde gekom.

**U word uitgenooi** om by die vergaderings voorstelle maak oor die volgende sake:

- Verkiesing van 'n nuwe Volksraad; en
- die opdrag (mandaat) van 'n nuwe Volksraad en die pad vorentoe.

Voorstelle wat voorgelê sal word, kan vooraf gepubliseer word deur die volgende webskakel te volg: http://vvk.co.za/Mosies-voorstelle

Ten einde soveel volksgenote as moontlik geleentheid te gee om een van die vergaderings by te woon en u stem te laat hoor, word beplan om soortgelyke vergaderings op die volgende plekke en datums te hou:

Orania: 16 Junie:
Pietersburg: 8 Julie
Klerksdorp: 5 Augustus
George: 22 Julie
Kathu: 29 Julie
Vryheid: 15 Julie

PROGRAM

Die program van die verrigtinge sal vir elke vergadering basies soos volg verloop:

10h00: Opening.
10h10: Verwelkoming.
10h30: Volksraad rapporteer terug aan die volk.
11h00: Terugvoer vanaf die VVK.
11h30: Voorstelle & mosies van die volk.
13h00: Afsluiting.

Verversings sal by die vergadering te Paardekraal te koop aangebied word.

A.E. BREYTENBACH
Voorsitter

Kleinfontein, 22 Mei 2017

## VOLKSRAADKENNISGEWING

Die Verkenners herdenk Republiekwording op 27 Augustus 2017 by die Gromar CVO-skool in Tautestraat, Groblersdal. Verrigtinge begin om 07:45. Navrae: Flippie Nieman 082 717 7845.

## Die Vaste Fondament

En almal wat ook godvrugtig wil lewe in Christus Jesus, sal vervolg word.

Maar goddelose mense en bedrieërs sal voortgaan van kwaad tot erger, hulle wat verlei en verlei word.

Maar bly jy in wat jy geleer het en waarvan jy verseker is, omdat jy weet van wie jy dit geleer het.

2 Tim. 3:12-14